NHKA
NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA

blitspos

Jaargang 16 – Uitgawe 28

17 Augustus 2023

# Gesprek met teologiestudente oor die NHSV

Om *Blitspos* te ontvang, stuur 'n e-pos na bladuitleg@nhk.co.za of grafies@nhk.co.za en versoek dat u naam op die versendingslys geplaas word

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan produksie@nhk.co.za

Webblad van die Hervormde Kerk www.nhka.org

Die redaksie aanvaar verantwoordelikheid vir die inhoud. Menings deur skrywers uitgespreek, is egter nie noodwendig die beleid of standpunt van die Hervormde Kerk nie.

**Die NHSV se jaarlikse inligtingsessie vir die tweede- tot vyfdejaar teologiestudente het plaasgevind op 26 Julie 2023 tydens die studente se weeklikse sessie vir Toerusting in Kerklike Bediening (TKB) wat elke Woensdag plaasvind by die NHKA se Gemeente Philadelphia.**

Kerkeie opleiding word aangebied deur die Hervormde Teologiese Kollege (HTK) onder leiding van dr André Ungerer, hoof van die HTK. Dr Ungerer maak ruim gebruik van kundige predikante, meestal diegene met doktorsgrade, om studente vir hul latere bediening te help vorm. Daar is tans 'n studentetal van 14, bestaande uit tien vroue en vier mans wat oor die ses jaar versprei is. Die TKB-klasse word deur die BDiv- en MDiv-studente bygewoon. Die sesdejaarstudente doen 'n Honneurs in Teologie wat blootstelling in 'n opleidingsgemeente onder leiding van 'n mentorpredikant behels, asook die bywoning van vyf kontakweke by die Fakulteit Teologie en Religie. Tydens die kontakweke word aspekte vanuit die opleidingsgemeentes bespreek en kry studente geleentheid om hul teologiese en praktiese vaardighede verder te ontwikkel.

Tydens die NHSV se besoek het al die teologiestudente vertel van watter gemeentes hulle afkomstig is en hoe hulle van jongs af die NHSV in die Kerk leer ken het. 'n NHSV geskenkpakkie met NHSV aandenkings is vir hulle opgemaak deur Rozelda Nel van die NHSV kantoor.

Die BDiv1-studente wat vanweë ander klasse nie teenwoordig was nie en die aanlyn aanbieding gekyk het, is Anushke Muller van Witbank, At Hattingh van Gemeente Krugersdorp-Noord, en Tyllin Barnard wat by die PUK studeer en reeds met enkele tweedejaarsvakke besig is. Die BDiv2-student, Lané Truscott, is van Gemeente Swartkop in Centurion afkomstig. Daar is geen BDiv3-studente nie aangesien daar in 2021 geen eerstejaar teologiestudente ingeskryf was nie. Merwe Nel is afkomstig van Gemeente Horison Roodepoort en studeer tans aan Hugenotekollege, waarna hy by UP teologie gaan studeer.

Die BDiv4-studente sluit in: Helga du Plessis van Gemeente Sionspoort; Zanedrieka de Lange van Gemeente Noordwestelike Pretoria; Kharla Guest van Gemeente Meyerton-Suid; Carien Janeke van Gemeente Joachim Prinsloo; en Peet Bloem van Gemeente Secunda. Peet is ons oudste student en word later vanjaar 65 jaar oud – 'n merkwaardige voorbeeld!

Die MDiv-studente sluit in: Drian Cocheran van Gemeente Sasolburg; Tanya Maartens van Gemeente Groblersdal; Christo Pieterse van Gemeente Losberg; en Annia Engelbrecht-Van Deventer (afwesig tydens inligtingsessie). Die finalejaar teologiestudent Annami McClintock is tans besig met haar praktiese jaar by Gemeente Midstream.

Die NHSV Hoofbestuur se gesprek met die teologiestudente, wat al vir dekades 'n jaarlikse instelling is, is waargeneem deur mev Mari-lizé Beukes, voorsitter NHSV Hoofbestuur. Die NHSV se dienslewering binne gemeentes en in NHSV streke landwyd is breedvoerig bespreek, asook die nasionale betrokkenheid van die NHSV Hoofbestuur binne en buite die Kerk.

Die NHSV se werksaamhede en prioriteite is beklemtoon. Dit sluit in bejaardesorg, studielenings aan Hervormde studente, en armoedeverligting. Die geestelike toerusting van ons vrouelidmate op gemeentevlak is beklemtoon, asook die jaarlikse streekbyeenkomste sowel as 2023 se NHSV Nasionale Kongres wat plaasgevind het van 23 tot 25 Junie.

Die NHSV se seënwense vergesel al hierdie teologiestudente van ons Kerk tydens hul studiejare en op hul pad vorentoe in die gemeentes van ons Kerk. Die NHSV se dienswerk lê ons na aan die hart, en die NHSV leuse *Wees 'n seën* word beleef tussen vrouelidmate wat 'n dienende teenwoordigheid is in die lewe van die Kerk.

**Mari-lizé Beukes, voorsitter: NHSV Hoofbestuur**
**(met insette van dr André Ungerer, hoof: HTK)**

## Lief en leed

- Dr Willie en Erika Strydom van Eikenhof/Johannesburg-Suid se kleinseun, **Divan de Bruin**, is Dinsdagoggend 8 Augustus gebore – vroeër as beplan, maar dit moes gebeur sodat voortgegaan kon word met sy mamma, Tanya, se kankerbehandeling. Hy het 2,18 kg geweeg en moes voorlopig in die neonatale intensiewesorgeenheid bly. Dr Willie sê: *Oupa se beker van dankbaarheid loop oor!*

- **Die volgende predikante verjaar tot 25 Augustus, en word hartlik geluk gewens:**

  - Vrydag 18 Augustus: Dr GMJ (Gafie) van Wyk (65) (Kaapstad)
  - Saterdag 19 Augustus: Di HF (Hennie) la Grange (63) (Kampersrus), JD (John) Putter (70) (emeritus) en dr CJ (Christo) Viljoen (91) (emeritus)
  - Sondag 20 Augustus: Di Y (Yvette) Scholtz (26) (Magaliesmoot) en MM (Marike) van der Merwe (45) (nie-diensdoende)
  - Dinsdag 22 Augustus: Ds WH (William) Harmse (61) (Alberton-Wes)

## Gemeentes en bediening

- Enige saak wat volgens die Kerkorde onder die aandag van die **Kommissie van die AKV** gebring moet word, moet mev Karen Breedt (**karen@nhk.co.za**) asseblief **teen 28 Augustus** bereik **vir 7 en 8 September** se Kommissievergadering. **Geen laat sake** sal in die agenda opgeneem word nie.



Prof Wim Dreyer



Dr Daan van Wyk (jr)



Ds Petri de Kock

- **Prof WA (Wim) Dreyer** (Universiteit van Pretoria) het 'n beroep ontvang na Outeniqua (deeltyds) vir ná sy emeritaataanvaarding. Hy het die beroep aanvaar en word op 7 Januarie daar bevestig.

- **Dr DJC (Daan) van Wyk (jr)** (Ebenhaëzer) het 'n beroep ontvang na Van der Hoff.

- **Ds P (Petri) de Kock** (emeritus) het 'n beroep ontvang na Gobabis (deeltyds).

- **Bybelsondag 20 Augustus 2023.** Vanjaar se Bybelsondag fokus op die **90ste herdenking van die Bybel in Afrikaans**. Die eerste Afrikaanse Bybel is in 1933 gepubliseer en op 27 Augustus 1933 landwyd en feestelik ontvang. Die verskyning van die Bybel in Afrikaans het grootliks tot die ontwikkeling van Afrikaans as taal bygedra, maar meer nog, tot die geloofsvorming van talle Afrikaanssprekendes. Sedertdien het nog drie vertalings van die Bybel in Afrikaans die lig gesien.

  Dit is met groot opgewondenheid en dankbaarheid dat die Bybelgenootskap van Suid-Afrika (BSA) u uitnooi om die geleentheid saam met ons te vier.

  - **Spesiale dankoffer:** Gemeentes word herinner aan die besluit van die Algemene Kerkvergadering om een Sondag per jaar se deurkollekte aan die BSA oor te betaal. Vanjaar val dit op **Sondag 20 Augustus**. Gemeentes word dus versoek om hierdie geleentheid spesiaal onder lidmate se aandag te bring.

  - **Erediens op Sondag 20 Augustus.** Op die webwerf van die BSA is hulpmiddels beskikbaar, byvoorbeeld 'n preekskets, liturgiese riglyne en inligtingsmateriaal vir gebruik tydens die geleentheid. Hier is die skakel na al die hulpmiddels: **https://www.biblesociety.co.za/index.php/af/hulpmiddels/bible-sunday**

  - **Bestel Bybels teen 'n spesiale prys.** As blyk van dankbaarheid is die 2020-vertaling van die Bybel in Afrikaans beskikbaar teen die spesiale prys van net R79 (normaalweg R159).

  - **Stap, Draf en Trap vir Bybels.** Moedig lidmate aan om enige tyd gedurende Augustus deel te neem aan die BSA se virtuele Stap, Draf en Trap vir Bybels.

  Kontak gerus vir Anne-Marie Malan (**malan@biblesociety.co.za**) vir enige navrae of hulp.

- **Vakature by UP se Fakulteit Teologie en Religie, Departement Nuwe Testament en Verwante Literatuur: Senior Lektor / Medeprofessor / Professor (een pos).** Die vereistes is onder meer ’n toepaslike doktorsgraad; minstens 3, 5 of 8 jaar tersiêre ondervinding onderskeidelik; bewys van publikasie in geakkrediteerde vaktydskrifte; en ervaring van akademiese administrasie en deelname aan departementele komitees. Vaardigheid in Grieks tot minstens derdejaarsvlak sal ’n aanbeveling wees. Kandidate moet aanlyn aansoek doen by **www.up.ac.za**, by die skakel Careers@UP. **Die sluitingsdatum vir aansoeke is 25 Augustus 2023.** Rig navrae oor aansoeke aan Jeanette Schoeman by **Jeanette.schoeman@up.ac.za**, en navrae oor die posinhoud aan prof Rantoa Letsosa by **rantoa.letsosa@up.ac.za**.

- **Werkruimte vir deeltydse bediening: Gemeentes Otjiwarongo/Outjo-kombinasie.** Die kombinasie Otjiwarongo/Outjo in Namibië beskik oor ’n vakante werkruimte vir ’n deeltydse predikant. Unieke wetlike voorskrifte oor werkpermitte deur die Namibiese regering beperk die opsies wat die gemeentes kan uitoefen vir die bediening. In die lig daarvan is die ideale kandidaat vir die deeltydse pos ’n geëmeriteerde predikant in die ouderdomsgroep 65 tot 68 jaar wat nog die energie en inisiatief het vir gemeentewerk vir ’n periode van twee tot vyf jaar. Die kombinasie sal aansoek doen vir ’n tydelike werkpermit vir twee jaar, wat herhaal sal word indien die persoon vir langer kan of wil bly. Die vergoedingspakket sluit in: ’n gemeubileerde pastorie in Otjiwarongo; ’n gemeentemotor plus brandstof; en ’n kontantvergoeding per maand. Skakel ds Barrie Oberholzer by +264811487465 vir verdere inligting en administratiewe reëlings soos vir ’n mediese fonds.

- **Werkruimte vir voltydse bediening: Gemeente Kempten.** Gemeente Kempten in die ring van Zuurfontein beskik oor ’n vakante werkruimte vir ’n voltydse predikant. Gemeente Kempten is 50 jaar oud en die gemiddelde ouderdom van lidmate is 45 jaar. Die visie van die gemeente is om te groei. Daar sal voorkeur verleen word aan predikante met **ses jaar of minder diens**. Die gemeente beskik oor ’n ruim pastorie. Predikante wat belangstel om na die gemeente beroep te word, kan ’n verkorte CV stuur aan die skriba, oudl Celma Channing, by **celma.channing@gmail.com**, **voor 18 Augustus 2023**. Die kerkraad is nie verplig om een van die aansoekers te beroep nie en behou die reg voor om die lys van kandidate na die sluitingsdatum te verklein of te vergroot, en mag selfs ander kandidate nader. ’n Aanstellingsdatum sal met die suksesvolle kandidaat bespreek word.

- **Werkruimte: Samewerkende Gemeentes Boksburg en Witfield.** Aansoeke word ingewag van gelegitimeerde predikante van die NHKA om hierdie bedieningsruimte te vul. Die samewerkende gemeentes is Boksburg en Witfield aan die Oos-Rand, twee stadsgemeentes in die ring van Germiston. Boksburg het ’n sieletal van ongeveer 205, en Witfield ’n sieletal van ongeveer 78 wat meestal uit bejaarde lidmate bestaan. Die gemeentes se kerkgeboue is sowat 10 km uitmekaar en daar word elke Sondag op albei plekke ’n erediens gehou.

  **Aard en omvang:** Van die predikant sal verwag word om die normale aktiwiteite van die gemeentes, soos prediking, kategese, spesiale eredienste en fondsinsamelings, te organiseer en te fasiliteer. Kontak met die lidmate, siekebesoek en huisbesoek is baie belangrik, en pligte soos in die Kerkorde moet uitgevoer word. Albei kerkrade verwag van die predikant om goed gefundeerde preke wat motiverend en leersaam is, aan te bied. Die predikant sal in albei gemeentes bevestig word.

  **Vergoeding:** Die predikant sal aangestel word volgens kontrak vir ’n aanvanklike periode van 12 maande en sal vergoed word deur ’n enkele kontantbedrag wat R32 000 per maand sal beloop.

  **Aansoeke:** Aansoeke **sluit op 28 Augustus 2023** en moet vergesel wees van ’n verkorte CV wat die kontakbesonderhede van twee referente insluit. Aansoeke word gestuur aan **beide** administratiewe beamptes van die gemeentes: Anneli Louw (**nhkwitfield@gmail.com**) en Bernadene du Preez (**nhkaboksburg@gmail.com**).

  **Diensaanvaarding:** So spoedig moontlik, maar onderhandelbaar. Die kerkrade behou die reg voor om die lys van kandidate na die sluitingsdatum te verklein of te vergroot en mag

self ander kandidate nader. Indien nodig, sal die pos weer geadverteer word. Vir enige navrae, kontak Anneli Louw (084 627 7253) of Bernadene du Preez (079 883 8741).

## Vergaderings

- Donderdag 17 Augustus: Rata Finkom
  ADV Dagbestuur
- Vrydag 18 Augustus: Moderamen
- Dinsdag 22 Augustus: Rata *Drive for a Child* Gholfdag
- Donderdag 24 Augustus: Pensioenraad
- Vrydag 25 Augustus: Raad van Finansies

## ’n Gedig

**Tuiskoms**

Eendag as ek aankom by die huis
wat baie wonings het en ek sien
teen een venster purperwinde rank
– volkome pienk sonder ’n glimps van blou of pers –
sal ek hul onbeskaamd op Engels *morningglories* noem
en my hart sal die dagbreek trompetter.

Ek sal weet ek het meer liefgehad as ’n skakering,
’n flou afskynsel van rooi, ’n illusie,
maar iets wat aards en pragtig was:
perskebloeisels in die lente, laat lig teen die berge,
’n skulp se binnekant

en ek sal begryp dat Jesus die hemel verswyg het
omdat ons die aarde nooit kon verstaan nie
en dankbaar wees vir die klein voorkeure van ’n mensehart:
pienk eerder as blou, Mozart eerder as Beethoven,
die berge eerder as die see

Die eendagmooi’s wat teen my venster rank
by daardie huis wat baie wonings het,
is daar vir ewig mooi en ewig pienk.

**Lina Spies**
(Uit: *Digby Vergenoeg*, 1971)

## Kerklike en ander publikasies




- In die **Augustus 2023-uitgawe van *Die Christelike Vrou*** word *Vrouedag* en Vrouemaand in ds Hannelie Botha se redaksioneel opgedra aan ons vroue wat in moeilike omstandighede steeds ’n verskil maak. **Mev Susan Janse van Rensburg**, NHSV voorsitter Dorslandstreek, gee ons ’n spesiale kykie in *Die avontuur van ’n leeftyd* op hul 30-dae-vakansie deur die Caprivi in Namibië om hul 30ste huweliksherdenking te vier! **Ds Carel Johann de Bruin** van die SP Engelbrecht-museum deel met ons die verhale van gemeentes Ermelo-Suid en Wonderboom se kanselklede en die stories wat die ontwerpe tot stand gebring het in *Die kanselkleed (Deel 7).* **Mev Mari-lizé Beukes,** voorsitter NHSV Hoofbestuur, vertel van die jaarlikse NHSV inligtingsessie in *Toeligting van teologiestudente* en **dr André Ungerer,** hoof van die HTK, brei ook in dié artikel uit oor die werk van die HTK. **Rata** se *Drive for a Child Golf Day* is om die draai, en hulle vra vir ondersteuning vir hierdie verdienstelike saak op 22 Augustus 2023 by Silver Lakes Golf & Wildlife Estate. Volg die skakel na ons NHSV publikasies **https://nhsv.org.za/publikasies/**.

- Die **2022-uitgawe (Jaargang 10) van die *Tydskrif vir Hervormde Teologie*** (*THT*) handel oor **Hervormde Kerkreg**. Die outeur is **dr Barry van Wyk** (emeritus/Warmbad). Die volledige pdf is op die Kerk se webblad beskikbaar, en die gedrukte boek kan teen R120 per eksemplaar (versending uitgesluit) bestel word van mev Sarie Roux by **boekwinkel@nhk.co.za**. Daar is ook nog eksemplare beskikbaar van die **2021-uitgawe (Jaargang 9)** oor **Skrifbeskouing**, waarvan **prof Wim Dreyer** die eindredakteur was, teen dieselfde prys.







## Toerusting

- Ouderlinge kan gerus die **Hervormde Teologiese Kollege (HTK) se webtuiste** besoek. Gaan na **https://hervormdeteologie.co.za/ouderlinge/** vir inligting oor **gevorderde toerusting vir ouderlinge**. Tans verskyn daar reeds YouTube-skakels, PowerPoint-aanbiedings en Word-dokumente van Module I – *Die fasilitering van 'n erediens* **(ds Hannes van der Merwe)**; Module II – *Hoe berei predikante preke voor* **(dr Gerhard Nel)**; en Module III – *Die aanbied van 'n preek* **(prof Yolanda Dreyer)**. **Prof Stephan de Beer** se aanbieding van 29 Mei, *Hoe om jou gemeenskap beter te verstaan*, is ook daar beskikbaar. Laasgenoemde kan ook direk by **https://youtu.be/TnQNNDxzmP4** afgelaai word. Module II – *Die kuns van goeie gesprekvoering* **(dr Johan Bester)** is beskikbaar by **https://youtu.be/VfUgoBXodwA**, en *Hoe om lidmate in tye van krisis te begelei* **(dr Annelie Botha)** by **https://youtu.be/dUJ9kXs4Tvw**.

- Lees ***hier*** die **onderhoud** van Murray La Vita met **prof Yolanda Dreyer**: *Nee vir die boksie waarin vroue moet pas.* Op die vraag waarom teologie haar bekoor, antwoord prof Dreyer: *As klein dogtertjie was dit spiritualiteit. Daardie ding van groter as jy; groter as ons. ... So, hierdie gevoel van oopte en vryheid en groter en ruimer – dit was nog altyd my leitmotief. En met my universiteitswerk, waarvoor ek oor die wêreld heen moes reis, het ek daardie geleentheid gehad om ander kulture en wêrelddele mee te maak.*







- **Kerkargief-konferensie: Woensdag 23 Augustus 2023**
  **NGK Vrystaat in Bloemfontein**
  Oor enkele van ons kerkfamilie se mees historiese dokumente
  Ouditorium van Oorlogsmuseum in Bloemfontein
  R250 per persoon
  Met proff Erik de Boer, Dolf Britz, Johann Rossouw en Lindi Koorts
  Drr Jurie van Wyk, Gideon van der Watt, Francois Smith en ds Jan Lubbe
  Registreer by Helena Smit 051 406 6725 / **argief@ngkvs.co.za**
  Navrae: Ds Jan Lubbe 082 784 9362 / **janlubbe1964@gmail.com**

- **Excelsus Lentekonferensie: Lente in Bediening en Teologie**
  **19-21 September 2023**
  *As it is in heaven*: Kerkwees hier en nou
  By Universiteitsoord en UP
  30 VBO-punte
  Fooi: R1 380
  Emeriti en studente R690
  **excelsus@up.ac.za**
  **www.excelsus.org.za**
  (Die Lentekonferensie is deel van Excelsus se program vir Voortgesette Bedienings-ontwikkeling – VBO – en word in samewerking met die Hervormde Teologiese Kollege en die VBO-Forum van die NG Kerk aangebied.)

## Fondsinsamelings

- **Gemeente Swartkop: Gholfdag**
  **Vrydag 18 Augustus vanaf 10:00**
  Centurion-buiteklub
  Bespreek by **https://paylogic.co.za/paylogic/pay.aspx?refno=Golf**
  Navrae: Lorna-Marie (083 399 5122) of Stephan (082 341 1438)

- Ondersteun **Rata Maatskaplike Dienste se Gholfdag** op **Dinsdag 22 Augustus 2023** ten bate van **kinderbeskerming**.

    - Pryse vir ons dapper spelers – erkenning word aan alle donateurs op ons webblad gegee.
    - Skryf ’n span in.
    - Borg ’n putjie.
    - Borg ’n sorgpakkie vir kinders of vir babas wat verwyder word uit haglike omstandighede en tydelik in veilige bewaring geplaas word. (Kry meer inligting hieroor by **Barmhartigheid** hieronder.)

    Rata Maatskaplike Dienste is gebore uit die NHKA en werk deur die jare onverpoos voort om kinders uit moeilike omstandighede te red en aan hulle die nodige beskerming en statutêre dienste te bied, asook om die moeisame pad na heelwording saam met hulle te stap. Die koste daarvan is ongeveer R10 000 per jaar per kind. Rata help elke jaar meer as 1 000 kinders wat in omstandighede van mishandeling, verwaarlosing en selfs situasies van kinderhandel vasgevang is.

    Stuur ’n WhatsApp na 064 437 5997 met die woord **Gholfdag** en u naam vir meer inligting.

- **Gemeente Drie Riviere** (in Vereeniging) bied **Vrydag 25 Augustus vanaf 18:30** ’n **Biltong&Brood-aand** aan by Klip River Country Estate, met Jaco Strydom as gaskunstenaar. Toegang beloop R200 per persoon (R100 kinders 12 jaar en jonger). Kontantkroeg beskikbaar (geen eie drinkgoed). Kom kuier, eet en dans heerlik saam. Vir meer inligting, kontak Hennie (084 508 7849) of Lizelle (083 601 3328).

- **Gemeente Philadelphia** se ***Delphi Fees*** vind plaas op **Saterdag 9 September**. Dit neem die vorm aan van ’n **musiek-, eet- en dansfees** en sluit ook ’n **kort veiling** in. **Kaartjies se pryse:** R250 vir volwassenes; R200 vir studente; R100 vir hoërskoolkinders; en R50 vir laerskoolkinders. Die kaartjies se prys sluit alle aktiwiteite in – die kunstenaars, ’n Duitse ete met slaaie en nagereg, en 4 gratis drankies vir elke kaartjiehouer. Daar word voorsiening gemaak vir ’n dansbaan, vertoning in die kerk van *Webber and Rice and all things Nice*, vooraf-kunstenaars en die hoofoptrede by die dansbaan deur Vending Machine. Belangstellendes kan ’n e-pos stuur na **nhkphiladelphia@gmail.com**, of skakel ds Martin Slabbert by 082 655 4787 of dr Sanrie de Beer by 083 226 1866.

- Daar is ’n **geleentheid vir ’n gemeente of individu** om by die **Centurion Boeremark op Saterdae** pannekoek en/of *jaffles* te verkoop. ’n Stalletjie kos R250 per Saterdag. Deposito R250 eenmalig en sertifikaat van Tshwane vir kosverkope eenmalig R920. Kontak Christo Potgieter by 072 737 3644.

- **Oornagfasiliteite: Seniordal.** Seniordal beskik oor oornagfasiliteite vir persone wat vergaderings of kongresse moet bywoon, of wat dokters moet besoek, of verblyf benodig vir familie van persone wat in die hospitaal is. Daar is veilige parkering en 24-uur-sekuriteit. **Vir navrae oor tariewe en vir besprekings**, kontak Salomie Stolz gedurende kantoorure 08:00-12:00 by 012 329 4318, of na ure by 083 308 0520.

## Barmhartigheid

- Rata het gevra vir ondersteuning in die vorm van **skenkings of kontantdonasies vir sorgpakkies** vir babas en kinders, vir gesinne wat op baie kort kennisgewing en in ’n krisissituasie babas en jong kinders inneem om hulle tydelik te versorg. Dit gebeur dikwels dat kinders skielik beveilig moet word, en gewoonlik het hulle slegs die klere aan hul lyfies en ’n plastieksakkie met karige ekstras by hulle. Dit gebeur ook gereeld dat babas kort na geboorte beveilig moet word, en normaalweg kon die mammas nie eens die basiese benodigdhede voorsien nie. **Pakkies sal nog tot 18 Augustus by gemeentes in Pretoria afgehaal kan word.** Reël asseblief met Annelle by **info@rata.org.za** of 064 437 5997.

    **Gemeentes buite Pretoria** kan ook deelneem deur ’n **finansiële skenking** vir ’n pakkie

te maak. Bydraes kan inbetaal word by Rata, ABSA, tjekrekening 0020600209, verwysing: Gemeentenaam + Sorg, waarmee Rata dan voorrade sal aankoop. Stuur asseblief die betalingsbewys na **fin@rata.org.za**.

Gebruik asseblief u eie oordeel oor die pakkies. Die onderstaande lysies is slegs voorstelle indien u nie seker is wat benodig word nie. Die waarde van die pakkies is ongeveer R1 000.

**Babasorgpakkie**

- NAN- of Infacare-babaformule.
- ’n Pak weggooidoeke – pasgebore tot 24 maande.
- *Babygrows* of enige ander babaklere.
- Fopspeen en bababottel.
- Handdoek, waslappie en babaseep. Die kop-tot-tone vloeibare seep werk baie goed (verkieslik hipo-allergenies).
- Akwaroom (*aqueous cream*) (verkieslik ook die formule sonder parfuum).
- Kombersie.
- ’n Sagte speelding.
- Babasak.

**Kindersorgpakkie**

- Waslappie en seep, tandeborsel en tandepasta vir kinders onder 12.
- Lyfroom, byvoorbeeld Vaseline Intensive Care.
- Skryfpakkie met ’n pennesakkie, ongeveer twee blou penne, HB-potlode, ’n uitveër, liniaal en skerpmaker (met ’n bakkie vir die snysels).
- Kleurpotlode.
- Notaboekie.
- Boek met Bybelverhale (opsioneel).
- Tennisbal.
- ’n Pakkie skyfies en lekkertjies (asseblief nie sjokolade wat kan smelt nie).
- Rugsak.

Dames kan met hul talente soos hekel en brei of met die naaimasjien bababenodigdhede vir die sorgpakkies maak, byvoorbeeld *bootees*, mussies, baadjies, kombersies, *mittens* en selfs sakke waarin al die benodigdhede geplaas kan word.

Ons waardeer dit opreg dat Rata steeds die vrymoedigheid kan hê om op u ondersteuning staat te maak.

- **Belfast Rusoord** bied onder meer 24-uur mediese versorging, CCTV, 24-uur-toegangsbeheer, drie gebalanseerde maaltye per dag, en aktiwiteite vir elkeen. Daar is fasiliteite vir semiversorging, verswakte bejaardes, en woonstelle vir selfversorging. Kontak Riana de Villiers by 013 253 31211 / 063 663 7449 / **manager@belfastrusoord.co.za** vir meer inligting en tariewe.

- **Athalia Uitreik in Bloemfontein** bied verblyf vir en versorging van bejaardes en persone met gestremdhede. Daar is enkel- en deelkamergeriewe in ’n huislike atmosfeer, verblyf met drie etes ingesluit, verblyf sonder versorging, en 24-uur-versorging. Navrae: 079 826 6363 / 084 023 0315 / 051 522 6089 / **navrae@athalia.co.za** / **www.athalia.co.za**.

- **Louis Trichardt-behuisingskompleks vir bejaardes** in Danville, Pretoria, bied kamergeriewe met twee etes per dag teen R3 850 per maand. Vir meer inligting, kontak mev Vicky Muller by 012 386 5310.

- **Ons Tuis (Andries Marié Oosthuizen) in Parys** het plek beskikbaar in die tehuise vir versorging van verswakte bejaardes teen R9 760 per maand. ’n Volledige versorgingsfasiliteit sluit in 24-uur-versorging, drie maaltye per dag en sekuriteit. Behuisingsfasiliteite teen R5 990 per maand is ook beskikbaar op dieselfde perseel; dit sluit drie etes en weeklikse wasgoed en skoonmaak van kamers in asook gratis deelname aan sosiale programme. Vir meer besonderhede, skakel matrone Teresa Broodryk by 056 811 2185.

- **Seniordal-aftreeoord** is die eiendom van die NHKA se **Gemeente Pretoria** en spesialiseer in lewensregverkope en verhuring aan selfversorgende persone ouer as 55 jaar. Die oord is geleë in die veilige omgewing van Rietondale in Pretoria. Seniordal beskik oor 24-uur-veiligheidsdienste en toegangsbeheer, en bestaan uit die volgende woonstelle:

  Enkelwoonstel (*bachelor*): R495 000
  Eenslaapkamer: R515 000
  1½-slaapkamer: R520 000
  Tweeslaapkamer: R560 000

  Kontak Salomie Stolz by 012 329 4313 of 083 308 0520 vir meer inligting.

## Studentesake

- **Studentebehuising. Gemeente Stellenbosch** kan veilige behuising op die kerkterrein en op die kampus aan studente verskaf. Dit bestaan uit óf enkelkamers met gedeelde fasiliteite, óf eenmenswoonstelle. Skakel dr Chris le Roux by 079 495 3239 of stuur 'n e-pos na **stellenbosch@nhk.co.za** vir meer inligting.

- **Studentebehuising. Gemeente Philadelphia** verskaf aan studente veilige behuising by Fleur de Lis op die kerkterrein. Dit bestaan uit enkelkamers met gedeelde fasiliteite. Die behuising is binne stapafstand van die kampus en winkelsentrums. Skakel dr Sanrie de Beer by 083 226 1866 of stuur 'n e-pos na **nhkphiladelphia@gmail.com** vir meer inligting.

## Betaalde advertensies in hierdie nuusbrief

**Advertensies waarvan 'n private individu of instansie die begunstigde is, of waarin 'n gemeente 'n projek prominent wil bekendstel, kan in hierdie nuusbrief geplaas word.** *(Tekskennisgewings van gemeentes is gratis.)* Indien 'n jpg-weergawe van die advertensie voorsien word, **moet dit 15,5 cm breed x 6,5 cm hoog wees, resolusie 1878 x 815 pixels, 150-300 dpi.**

Stuur die voorgestelde **teks van nie meer nie as 75 woorde** met of sonder eenvoudige grafika of 'n foto saam met die bewys van betaling aan mev Tessa Oppermann, per e-pos na **produksie@nhk.co.za**. GEEN advertensie sal geplaas word sonder die betalingsbewys nie.

Die **teks en bewys van betaling** moet mev Oppermann bereik teen 16:00 op die Maandag voor die betrokke uitgawe se verskyning. *Blitspos* word normaalweg die Woensdagoggend afgehandel en teen die middag op die webblad gelaai. Indien die plasing meer as een keer moet geskied, moet aangedui word op watter datums dit moet verskyn, met betaling vooruit vir al die beoogde plasings.

**Die koste is R250 per plasing (BTW ingesluit)**. Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan die Raad van Finansies, ABSA tjekrekening nommer 020-000-287, takkode 632-005, **verwysing: u naam + Blitspos. Neem kennis dat die redaksie in uitsonderlike gevalle mag besluit om 'n advertensie nie te plaas nie en die adverteerder se geld terug te betaal.**

## Gebed vir die week

Vader,
my gees is onrustig en my hart is oorweldig.
Ek is so gespanne
en dit beïnvloed my fisiek, emosioneel en geestelik.
Ek sukkel om te konsentreer
op enigiets anders as my bekommernisse.
Vergewe my hierdie angstigheid,
en dat ek my eerder bekommer
as om na U te kom in gebed.
Help my om hierdie benoudheid af te skud.
Help my om al my sorge aan U oor te gee.
Leer my om geduldig te wees en te glo
dat U op die regte tyd alles in my lewe
weer wonderskoon en rustig sal maak.
In die Naam van ons Heer, Jesus Christus.
Amen.

THE GRACEFUL CHAPTER

(Afrikaanse verwerking: Tessa Oppermann)




Redakteur: Dr Johan van Staden
Subredakteurs: Ds Etienne Fourie en dr Annelie Botha
Koördineerder: Mev Tessa Oppermann
Uitlegkunstenaar: Mnr Hugo van Niekerk